



Central University of  
Technology, Free State

## VISIE 2030-STELLING

Teen 2030 sal die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat 'n vooraanstaande universiteit vir tegnologie wees, wat die toekoms deur innovasie vorm.

## STRATEGIESE DOELWITTE

- Om 'n eensgesinde gemeenskap wat bevorderlik vir onderrig en leer is, te skep.
- Om entrepreneuriese, holistiese graduandi wat werksgereed is, te lewer.
- Om 'n sterk navorsings- en innovasiekultuur te ontwikkel.
- Om personeel, as die universiteit se belangrikste bate, te werf, ontwikkel en behou.
- Om strategiese vennootskappe wat tot die bereiking van die universiteit se doelwitte bydra, te sluit.
- Om institusionele volhoubaarheid te verseker, inkomstestrome uit te brei, en die SUT-handelsmerk te versterk.
- Om goeie bestuur, menseregte en sosiale geregtigheid te bevorder.

## MISSIESTELLING

In die universiteit se strewe om sy visie te vervul, sal die herbedinkte SUT, as 'n universiteit vir tegnologie:

- hoë gehalte, gepaste akademiese programme in wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde (STEM) lewer, asook programme in bestuurswetenskappe, onderwys en geesteswetenskappe, wat deur toegepaste navorsing ondersteun word;
- by die gemeenskap betrokke wees, ten behoeve van wedersyds voordelige ontwikkeling;
- toegang met sukses in die werwing van potensieel suksesvolle studente bevorder, en hulle ondersteun om aanstelbare en werkskeppende graduandi te word;
- hoë gehalte studente en deskundige personeel werf en behou, en hul ontwikkeling en welstand ondersteun; en
- wedersyds voordelige strategiese vennootskappe sluit.

## KERNWAARDES

Die universiteit se kernwaardes is die volgende:

- Ubuntu
- Integriteit
- Diversiteit
- Innovasie
- Uitnemendheid

## LEUSE

SUT se leuse is **Thinking Beyond.**